

# Ek is ook iemand!

# want ...

### Ek is ’n kind van God

Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore.

*1 Johannes 5:1a*

### Ek is ’n wenner

Wie anders oorwin die wêreld as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?

*1 Johannes 5:5*

### Ek is vrygekoop deur Christus

Julle is duur gekoop; moenie langer slawe van mense wees nie.

*1 Korinthiërs 7:23*



## Ek is deel van Christus se liggaam

Julle is die liggaam van Christus, en elkeen individueel ’n ledemaat.

*1 Korinthiërs 12:27*

## Ek is God se tempel

Weet julle nie dat julle ’n tempel van God is, en dat die Gees van God in julle woon nie?

*1 Korinthiërs 3:16*

## Ek is vergewe

“Julle moet dus weet, broers, dat dit deur hierdie Man is dat die vergewing van sondes aan julle verkondig word, en dat elkeen wat glo, deur Hom geregverdig word van alles.” *Handelinge 13:38-39a*

## Ek word nie veroordeel nie

Daar is dan nou geen veroordeling vir diegene wat in Christus Jesus is nie. *Romeine 8:1*

## Ek is vry

“As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels, en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak.”

*Johannes 8:31b-32*

## Ek is uitverkies

Broers, julle vir wie God liefhet, ons weet van julle verkiesing.

*1 Thessalonisense 1:4*

## Ek is veilig by God

Ons weet dat niemand wat uit God gebore is, aanhou sonde doen nie; maar Hy wat uit God gebore is, beskerm hom, en die Bose kan hom niks aandoen nie.

*1 Johannes 5:18*

## Ek het die ewige lewe

Wie die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.

*1 Johannes 5:12*

# Net omdat...

Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy unieke Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. *Johannes 3:16*

## Die lewende hoop en die egte geloof

Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus! Dit is Hy wat ons in sy groot ontferming, deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood, opnuut verwek het, sodat ons 'n lewende hoop mag hê op 'n erfenis wat nooit vergaan, besmet word of verwelk nie, en wat in die hemel vir julle in bewaring gehou word. *1 Petrus 1:3-4*

***Alle Skrifgedeeltes geneem uit die Afrikaans 2020-vertaling.**

Uitgegee en versprei deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
**www.bybelgenootskap.co.za**

BibleSA.co.za
BibleSA
**Laai ons Bybel-apps hier af.**